# ENGELE SKYN

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**TEMA:** Ek wil 2 gedagtes met mekaar kombineer, naamlik **Engele Skyn** en **Heiliges Skyn**

### Die eerste gedagte:

- Hoe is dit moontlik dat satan in die teenwoordigheid van God kon kom, sonder dat die engele van God dit geïdentifiseer (opgetel) het? Ons lees dit in Jesaja 14:12-14 en ook in Job 38:1-7.
- Hoe is dit moontlik dat hy daar kon kom en net die Almagtige alleen kon hom identifiseer, maar die engele nie.

### Die tweede gedagte:

Waar en hoe gaan ons lyk in die ewigheid?

- Wat sê die Woord rondom ons, as heiliges, rondom die ewigheid?

Ek wil hierdie twee gedagtes met mekaar kombineer, want ons is almal geskape net vir een rede, dit is:

- om God te verheerlik,
- om God Sy eer te gee.

Hy het ons geskape na Sy beeld. Wanneer ons voor Hom staan, moet ons daardie pragtige beeld wat God in ons gesit het, terug te reflekteer.

-oOo-

Ek wil eers terug gaan na, *"hoe het satan dit reggekry om voor God te kom, sonder dat die engele van God dit opgetel het*?"

1. **PRAG EN PRAAL VAN LUCIFER**

**Eségiël 28:13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.**

Eze 28:13 Thou hast been in Eden the garden of God; every precious stone *was* thy covering, the sardius, topaz, and the diamond, the beryl, the onyx, and the jasper, the sapphire, the emerald, and the carbuncle, and gold: the workmanship of thy tabrets and of thy pipes was prepared in thee in the day that thou was created.

**Eségiël 28:14 Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.**
**Eségiël 28:15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.**
**Eségiël 28:16 Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!**

-o0o-

**Eségiël 28:17 Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.**
**Eségiël 28:18 Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het.**
**Eségiël 28:19 Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.**

***

Ons moet hierdie konsep eers verstaan. Die engele van God, is almal versier. Volgens Esegiël 28:13-17 sal ons sien hoe pragtig en mooi was Lucifer gewees.

- Lucifer het **twaalf lae edelstene** in hom ingebou gehad.
- Hy het nie met 'n stem gepraat nie, hy het met 'n **melodie gepraat**, hy het musiek gepraat, hy was die engel van aanbidding (worship) gewees.
    - Wanneer hy met God praat, was dit net een stem, dit was **lofsange**, lieflike, pragtige, hemelse lofsange voor die Almagtige waarmee Hy God besing het en God se eer en aanbidding vir Hom gegee het.
- Sodra hy in die teenwoordigheid van God gekom het, dan het die **heerlikheid van God**, die Lig van God, Sy heerlikheid, na Lucifer toe geskyn.
    - Daardie twaalf lae edelgesteentes wat in hom ingeweef, in hom ingebou was, het dan na God toe weerkaats.
    - God weer, het Sy eie heerlikheid van Lucifer of die engele self ontvang.

Ons gesonde verstand is te klein om hierdie dinge te bepaal, want dit is net te groot!

## 2. ENGELE AANBID GOD

Ek het voorheen die lesing gegee oor die *vier Lewende Wesens* en die *vier-en-twintig ouderlinge* wat neerval en elke keer as hulle opkyk dan sien hulle nuwe, biljoene en biljoene jare sedert die begin van die skepping. Telkens as hulle neerbuig en opkyk, sien hulle 'n nuwe refleksie, 'n nuwe openbaring van Sy heerlikheid. Al wat hulle kan sê is, "**Heilig, Heilig, Heilig"**, dan val hulle neer op hul knieë en aanbid Hom weer. Sodra hulle opkyk, sien hulle weer 'n ander refleksie, 'n ander identiteit, 'n ander verheerliking van Hom.

Ons kan die hemelse dinge nie hier op aarde verstaan nie. Wat ons wel probeer doen, is om maar net 'n klein bietjie insig te beskryf, sodat ons met die menslike verstand wat ons gekry het, te kan oordink wat alles is daar regtig in die hemel? Want die Woord leer ons, *Kolossense 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.* God gaan vir ons slegs die openbaringe gee soos wat ons dit kan hanteer.

## 3. ENGELE IN GESAGSPOSISIES

Stel jouself voor, miljoene engele staan voor God - almal is versier met hierdie edelstene! Nie almal is egter versier met twaalf lae nie. Ek glo daar is outoriteit en gesagsposisies onder die engele. Ek wil glo die drie aartsengele was wel so gewees, **Mígael** en **Gabriël** is vandag nog steeds so in hul gesagsposisies. (**Lucifer** was die **3de** aartsengel, maar is uitgewerp). Die ander engele, hoe laer hul gesagsposisie, hoe minder edelstene het hulle, maar dit is nie te sê, hulle het minder in die gesag nie. *Onthou net, dit wat jy kan hanteer, sal jy ontvang*. Ons as mens ook, en ek glo die engele ook, aangesien die engele het ook oor hul eie begeertes beskik. God het vir hulle ook hul eie begeertes toegelaat, daarom kon 'n derde van hulle kies om eerder vir Lucifer te volg.

-o0o-

Jy kan jouself indink, die oomblik as die engele voor Hom kom, soos toe God die hemele en die aarde geskape het, sê die Bybel vir ons, het die engele van God langs Hom staan en God sê: "Laat daar Lig wees." Daardie oomblik toe die krag uit Sy mond gegaan het, het melkweg (Hemelstraat) op melkweg, op melkweg (galaxies) ontstaan. Ons menslike verstand raak te klein om hierdie dinge te bedink. Jy kan net sê: WOW!!!

Wat moes daar gebeur het? En al wat die engele kon doen, want die Bybel sê in Job, die seuns van God het saam gejuig. Job 38:7 *Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het.* Jy kan net indink watter klanke moes daar in die ewigheid bestaan het, daar buite gewees het, toe al die engele van God net daardie "*WOW*"!!! uiter - hoe het dit regtig geklink? Ek wil nie sê heelal nie, want dan raak ek aardgebonde, want die heelal is maar net ons, maar wat is buitekant die heelal? Buitekant hierdie heelal is miskien nog ander heelalle, ons weet nie, ons kan maar net praat waarvan ons weet.

## 4. ENGELE SKYN

Nou kom die engele voor God en God se heerlikheid weerkaats op hulle. Die Godheid skyn soos 'n spieël en dit weerkaats terug na God toe. Oordink 'n bietjie watter fenomenale atmosfeer moet daar in die hemel wees, as al die engele van God in Sy teenwoordigheid kom - die heerlikheid van die Here, Sy Lig!!

Openbaring praat die Bybel dat Jesus sal skyn, sterker as die glans van die son, *Open 1:16 …en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.* Daardie heerlikheid wat skyn en weer terug weerkaats! Dit is nie 'n dooie heerlikheid soos ons 'n dooie sonstraal ken nie, dit is alles lewe, 'n lewende heerlikheid, 'n lewende Lig wat weerkaats na die Almagtige toe. Dink net hoe is die goddelike atmosfeer daar !! Elke engel bring sy eie, miskien gesange, siters, harpe en al hierdie goed. Al die engele begin dan vir God loof en prys, met dit wat in hulle is in die heerlikheid en in die hele troonkamer; die hele hemel word vervul met hierdie fenomenale engelesang en Goddelike heerlikheid, daardie atmosfeer, wat daar is?

*Bykomende inligting oor die Goddelike Lig*

*Handelinge26:12 Toe ek dan daarvoor na Damaskus op reis was, met volmag en opdrag van die owerpriesters,*

*Handelinge 26:13 het ek, o koning, in die middel van die dag op die pad 'n lig uit die hemel gesien,* ***sterker as die glans van die son****, wat my en my reisgenote omstraal het.*

*Handelinge 26:14 En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop*

## 5. LUCIFER SY STATUS ONTNEEM

***Jesaja 14:7 Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel.***

***Jesaja Isa 14:8 Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Líbanon, en hulle sê: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie.***

***Jesaja Isa 14:9 Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan.***

***Jesaja Isa 14:10 Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword.***

***Jesaja Isa 14:11 Jou trots is neergewerp in die doderyk, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as 'n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking.***

***Jesaja Isa 14:12 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!***

-o0o-

***Jesaja 14:13  En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.***
***Jesaja 14:14  Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!***
***Jesaja 14:15  Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!***
***Jesaja 14:16  Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het?***
***Jesaja 14:17  Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie?***
***Jesaja 14:18  Al die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis;***
***Jesaja 14:19  maar jy is gewerp, ver van jou graf, soos 'n afskuwelike uitspruitsel, oordek met die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die grafkuil soos vertrapte aas.***
***Jesaja 14:20  Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk gedood; die nageslag van die kwaaddoeners word vir ewig nie genoem nie.***
***Jesaja 14:21  Maak 'n slagbank gereed vir sy seuns, om die ongeregtigheid van hulle vaders ontwil, dat hulle nie opstaan en die aarde in besit neem en die bodem van die wêreld vol stede maak nie*****.**

God het vir Lucifer van alles ontneem en hom uit die hemel gegooi. Jesus self sê: *Lukas 10:18  Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val*. God het al daardie skoonheid, prag en praal, sy wysheid, sy kennis, alles wat God in hom (Lucifer) ingesit het, die musiek, die melodieë en al die dinge, van hom gestroop, alles terug gevat en hom gelaat as 'n vaal nikswerd uitworpeling.

Maar nou kom hy voor die engele van God, want Lucifer is juis daarop uit om God se heerlikheid te steel. God sal hom nooit weer met enige heerlikheid toevertrou nie, met absoluut niks. Die Bybel sê, hy is kragteloos, magteloos, gesagloos, hy is 'n niks, hy is uitgeklee, hy is net 'n platgetrapte stuk kougom.

## 6. ENGELE SE EINDELIKE DOEL

**Maar hoe het die ander engele hom nie onderskei (opgetel) nie?**

- Die engele is nie engel-gesentreerd nie,
- Die engele van God wat die Here nog steeds dien, die twee derdes wat getrou gebly het aan God, is nog steeds getrou aan God
- Hulle het net een doel voor oë - hul oë is gevestig op die Almagtige en die opdrag wat Hy hulle gee om te doen.
- Hulle is glad nie op mekaar gefokus nie
- Daar bestaan net een ding, wat in hulle hele wese ingebou is om in volkome gehoorsaamheid en onderdanigheid aan die Almagtige God te wees.

Daarom het hulle hom nie raakgesien (opgetel) nie, maar God het hom raakgesien.

Lucifer dring hy homself op in die teenwoordigheid van God.

*Job 1:6  En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom.*
*Job 1:7  Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.*

-o0o-

**Hoekom?**

- Want tussen al hierdie verheerlikte engele, die engele wat die heerlikheid van God weerkaats, staan hierdie een vaal figuur (Lucifer), want hy het niks in sy kleed om te weerkaats nie, want hy was gestroop.

En dit is hoe God hom opgetel het.

Toe sê die Here vir hom, "wat soek jy hier, wat soek hy hier?".

*Mat 22:11 En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie.*

*Mat 22:12 En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie.*

*Mat 22:13 Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.*

Dit is hoekom ek sê, die Here kan hom met niks verder meer vertrou nie want hy het God se heerlikheid probeer steel. Op grond daarvan kan die Here vir hom niks meer gee nie want hy het net niks meer nie, hy lieg vir ons as hy sê hy het iets, dan glo ons hom, maar eintlik het hy niks.

Die mense van Suid-Afrika het 'n goeie beskrywing vir 'n swak gehalte baksteen. Hulle noem dit n "mamparra steen", 'n baksteen wat uitgewerp is, dit is eintlik nie meer 'n baksteen nie, dit is sommer so 'n uitgekapte stuk ding, jy gooi hom weg want hy beteken niks.

7. **DIE BEELD WAT SATAN NOU HET:**

- hy is nie meer 'n edelsteen nie,
- hy is nie meer 'n musiekinstrument nie,
- daar is niks meer in hom in nie, hy is net 'n gewone, uitgeworpe, kragtelose, magtelose, gesaglose wese.

Wanneer Satan voor God kom, is daar geen weerkaatsing nie, want daar is niks in hom van God, wat in hom ingebou is en wat God se heerlikheid kan weerkaats nie.

*Mat 22:12 En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie.*

-o0o-

**Net dit van God wat HY SELF in jou ingebou het,**

**kan 'n weerkaatsing gee!**

-o0o-

# HEILIGES SKYN

Ek het in die vorige lesing gepraat van God se engele wat skyn, God se heerlikheid skyn en gefokus op die Here en hoe het satan die troonkamer ingekom, maar God het hom geïdentifiseer as n dowwe ding en daar was niks wat weerkaats het nie want God kan hom nie meer vertrou met enige heerlikheid nie.

**Waar kom ek en jy in? Hoe gaan ek en jy eendag lyk?**

Hoekom moet ons eendag weggeraap word?

- Om ons loon te ontvang en in ‘n Bruidegom se arms ingeplaas te word.
- Ons moet as ‘n eenheid verklaar word saam met die Bruidegom.

Sodra ons die Troonkamer binnekom, gebeur daar iets met ons, die Bruid. Die Bybel sê hier op die aarde is die Bruid besig om haar te beklee met rein, fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is. *Openbaring 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges*

**Wat gaan met my en jou gebeur?**

Daar sal ‘n gedaanteverwisseling plaasvind.

**As ons in die Troonkamer kom, wat gaan gebeur?**

**Jeremia 13:11 Want soos die gord kleef aan die heupe van ‘n man, so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda aan My laat klewe, spreek die HERE, om vir My te wees ‘n volk en ‘n roem en ‘n lof en ‘n sieraad; maar hulle het nie geluister nie**.

*Want soos die gord kleef aan die heupe van ‘n man, so het Ek die hele huis van Israel en die hele huis van Juda.* Ons heidene (gentiles) is die huis van Juda want ons is deur Christus wedergebore, *aan My laat klewe, spreek die Here*,

<u>Om vir My te wees</u>:

- ‘n volk
- ‘n roem
- ‘n lof en
- ‘n sieraad; maar hulle het nie geluister nie.

Wanneer Hy praat van die huis van Israel, praat Hy ook van die huis van Juda.
Dit is twee aparte geestelike gestaltes in die sin van Israel en die heiden (gentiles).
God spreek egter Sy <u>hartsbegeerte</u> uit.

**Held Vereer**

Kom ons gaan eers terug, wat het gebeur in Israel?

Sodra een van die manne ‘n held word in Israel word hy vereer met ‘n pragtige gordel om sy heupe, sodat almal van ver dit kan sien het hy ‘n heldedaad verrig. Daardie gordel word sy identiteit. Ons weet ongelukkig nie hoe het dit gelyk nie, maar dit moes seker iets baie besonders gewees het, want anders sou God dit nie vergelyk het met die heiliges nie.

-o0o-

Nou sê die Almagtige, "soos n gord kleef aan die heupe van 'n man, so het Ek die hele Israel en die hele huis van Juda, aan My laat klewe, spreek die Here, om vir My te wees **'n volk, 'n roem, 'n lof en 'n sieraad.**

Wat beteken hierdie dinge?

- God wil ons eer,
- Hy wil ons helde maak,
  - Christus Jesus het na die aarde gekom,
  - Hy het satan verslaan, oorwin en hom as 'n oorwonne vyand, teruggegee het aan ons en gesê:
    i) "*nou heers julle oor hom, wees julle nou die voetbank van my voete en hou hom op die plek waar Ek hom ontklee het, moet hom geen gesag en geen outoriteit gee nie, hou hom as hierdie gesaglose, kragtelose en magtelose vyand en bring die nasies in, verkondig hierdie evangelie van oorwinning, vrymaking, genesing en beskerming*".
    ii) *Verkondig die funksies van My bloed vir die nasie, wees julle 'n lewende getuie.*
    *iii) Nou sê God, omdat julle gedoen het wat Ek vir julle gesê het, nou sal Ek julle eer en My hartsbegeerte is, nie net soos die engele om julle te versier nie, Ek wil julle nie net versier met edelstene nie, julle is wel bruid, julle het julle self beklee met rein, fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is,*
    *iv) maar Ek wil verder gaan as dit, Ek wil jou vat en Ek wil jou aan My laat kleef, soos die gordel kleef aan die heupe van 'n man".*

As voorbeeld verwys ek graag na ons bediening (ministry) se embleem wat op my hemde geborduur is. Die bediening embleem smelt saam met die inweef werk op die materiaal of hemp. Saam vorm dit 'n eenheid. Net so laat God jou aan Hom vaskleef. Hy versier jou. Jy word vir Hom 'n pragstuk, 'n wonderlike wese – die pragstuk wat die Heilige Gees van jou gemaak het. Jy is nou beklee met rein, fyn linne, vasgekleef aan Hom, om vir hom te wees om vir Hom te wees 'n volk, 'n roem, 'n lof en 'n sieraad. WOW! Is dit nie ontsaglike eer wat ons ontvang nie? 'n Eer wat geen engel nooit, ooit, sal hê nie.

Ons is nou God se versiersel. Hy spog met ons! Hy spog met Sy volk, Hy gee Homself roem en lof. Hy versier Homself met ons as 'n sieraad. Dan roep Hy die engele en sê *"Engele, kyk net hoe mooi lyk Ek met so en so vanmôre aan My, lyk Ek nie pragtig nie? Lyk Ek nie mooi nie? Lyk Ek nie besonders vanmôre met hom en haar hier op My bors versier nie? Lyk Ek nie mooi met die Bruid nie?"* Dit is darem n groot eer wat ons ontvang!

Moontlik het jy nog nie hierdie kosbare gedeelte in die Boek Daniël gelees nie. (Ek het alreeds 'n paar lesings hieromtrent uitgegee).

Daniël 12 handel juis oor die laaste verseëlde woorde. *Daniël12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos*

- verstandiges of te wel wysheid is diegene wie wyslik die Here vrees, Sy wil doen, Sy geregtigheid doen, Hom volkome onderdanig en gehoorsaam is. Hy noem Hy ons "verstandiges". *Die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos*.
- *Matthéüs 13:43 Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader*. Die gedeelte handel oor laaste tyd wanneer die oeste ingehaal sal word. *Hy sê, dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader.* Dit sal nie hier gebeur nie, maar wel wanneer ons by die Vader kom, sal ons die heerlikheid ontvang. Erkenning word dan aan ons gegee in die vorm van 'n loon..

-o0o-

- Daniël sê vir ons die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel en die wat baie tot regverdiging gelei het, soos die sterre vir ewig en altoos. Dit beteken God, die Vader gaan ons beklee, met Sy heerlikheid.
- Die Boek Ester verduidelik verder. Die koning sê vir Ester, "Ester, vra vir my wat jy ook al wil hê, al is dit helfte van my koninkryk".
- Ons moet een ding onthou, ons gaan eendag alles deel saam met die Bruidegom, want alles gaan oorhandig word aan die Bruidegom en ons is Sy Bruid. Saam gaan ons saam met Hom in heerskappy staan tot in die ewigheid.
- Die wat deur die verdrukking kom gaan wel vir 'n duisend jaar regeer saam met Christus. Slegs die Bruid en die Bruidegom gaan na die duisend jaar, die nuwe hemel en nuwe aarde in die ewigheid beplan. Ek glo die Bruid in 'n verheerlikte vorm, gaan ook daar 'n sê hê met die beplanning van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Ek glo die Bruid sal nie in die hoekie sit as haar Bruidegom beplan om die nuwe hemel en die nuwe aarde te skape nie.
- Wat is daar? Wat wil jy hê my bruid, wil jy hê moet ons skep, wat jy wil hê moet wees in die ewigheid? Net soos koning, Ahasvéros vir Ester gevra het, "wat wil jy hê koningin Ester, al is dit die helfte van my koninkryk", net so sal daardie vraag weer gestel word aan die Bruid van Christus Jesus. "Moet ons skape vir die ewigheid?" Dan is dit waar sal sy praat, hierdie loon wat ons ontvang, dat sy sal skitter vir altyd en altoos.

    - Sy is al nie soos die engele beklee word met edelstene nie.
    - Sy sal in geheel en al 'n stad wees, 'n gesagsplek wees. Lees gerus in Openbaring 21 hoe lyk die nuwe die nuwe Jerusalem, die pêrel poorte.
    - Tans kan ons nie hierdie deurlugtige dinge vir ons self indink nie. Die Bruid is absoluut n pragstuk, dit sal die mooiste Bruid wees.
    - As ons op aarde moeite doen om 'n bruid mooi te versier, hoeveel te meer sal die Bruid van Christus lyk? Mense daar was darem al mooi bruide gewees. Onlangs het ek 'n foto ontvang van die mooiste bruid wat ek al ooit in my lewe gesien het.
    - Wanneer ons as mense met aardse goed so pragtig en so mooi kan lyk, wil ek net een ding vra, hoe gaan ons, eendag lyk?

Onthou net dit, dit sal die enigste keer ooit wees dat die Vader, Sy volheid van Sy prag en praal in 'n wese kan insit en openbaar, en dit is die bruid van Christus Jesus. Hy wil vir Sy Seun die mooiste en die pragtigste wese gee wat ooit in alle ewigheid bestaan het.

- God het in Lucifer regtig baie ingesit, maar Hy het nie alles ten volle ingesit nie. Hoeveel te meer gaan Hy eendag in die Bruid van Christus insit? Met hoeveel prag en praal sal die Bruid beklee word? Geen wonder die Bybel sê *sy sal skitter vir altyd en altoos*, tot in alle ewigheid Die Bruid sal soos die sterre glinster soos die sterre, sy sal een groot verheerlikte wese wees. Die mooiste bruid wat die heelal nog ooit gesien het. Dink 'n bietjie wat die engele gaan doen as hulle ons sien as Sy Bruid!!!
- Jy moet een ding onthou, dat die Almagtige gaan die volheid van Sy prag en praal en die heerlikheid uitlewe, as ek dit so kan stel, in die Bruid in, want dit is die enigste geleentheid wat Hy ooit sal kry, om die volheid van Sy goddelike heerlikheid, Sy almag, Sy prag, Sy praal, uit te druk. Dink net wat gaan die engele doen!!! Besef net hoe gaan die engele van God reageer as hulle ons sien. As hulle saam gesing en gejuig het toe God die heelal geskape het, dink net wat hulle gaan sodra hulle die bruid sien !!

-o0o-

- Eségiël 28:13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei

## HIGH PRIEST BREAST PLATE



**1. Jaspis:**

Jaspis is 'n vorm van chalcedoon en is 'n opaak, onsuiwer variëteit van Silika. Gewoonlik rooi, geel, bruin of groen. Blou is baie skaars.

**2. Saffier:**

Die Saffier is 'n kosbare edelsteen en is 'n deurskynende blou kleur. Dit word oor die algemeen beskou as een van die waardevolste edelgesteentes.

**3. Chalcedoon:**

Chalcedoon is 'n half edelsteen en 'n variëteit van die mineraal kwarts. Die kleur is byna wit tot ligblou of duifblou - ook met strepe. Die steen word ook gevind in meer kleure— soos appelgroen, rooskleur en koperkleur.

**4. Smarag:**

'n Smarag is 'n sterk groen mineraal, wat ook gebruik word as 'n edelsteen. Smarag is 'n variant van Beril. Die groen kleur word veroorsaak deur chromium en ook soms yster.

**5. Sardóniks:**

Sardóniks is 'n variëteit van Oniks waarin daar gekleurde strepe in skakerings van rooi is, eerder as swart. Suiwer swart Oniks is baie algemeen, en seker ook die gewildste variant, maar nie so algemeen soos Sardóniks nie.

**6. Sardius:**

Sardius is 'n rooibruin mineraal en word algemeen gebruik as 'n half-edelsteen. Die kleur kan varieer van lig oranje tot 'n intense, amper swart kleur.



**7. Chrisoliet:**

Chrisoliet beteken "goue steen." Dit word gevind in meteoriete wat op die aarde geval het. Hierin word dikwels kristalle gevind wat groot genoeg is om waardevolle stene uit te maak.

**8. Beril:**

Beril is 'n mineraal. Die agtkantige kristalle wissel van baie klein tot baie groot [meters in grootte.] Suiwer Beril is kleurloos, maar dit kom ook voor in groen, blou, geel, rooi en wit.

**9. Topaas:**

Suiwer Topaas is kleurloos en deurskynend, maar word gewoonlik getint deur onsuiwerhede. Tipiese Topaas is wynkleur, geel, dowwe grys of 'n rooierige oranje, blou en bruin. Dit kom ook voor in wit, liggroen, blou, goud en pienk [skaars].

**10. Chrísopraas:**

Chrísopraas is 'n edelsteen variëteit van Chalcedoon. Die kleur is gewoonlik 'n appel-groen, maar varieër tot 'n dieper groen.

**11. Hiasínt:**

Hiasínt is 'n half-edelsteen. Dit is 'n ryk ornaje-geel, oranje-rooi of geel-bruin kleur.

**12. Ametís:**

Ametís is die violet/pers variëteit van kwarts wat gebruik word in juwele.

-o0o-

High Priest Breast Plate




Hoshen is wall décor with powerful protective properties. In the ancient times it was used as a part of the High Priest clothing and was worn on the breast on a golden chain. Hoshen is decorated with 12 different stones. Each of it has special magic properties and symbolizes one of Israeli tribes. It is believed that stones can tell all the truth about a certain person and has unique positive energy of the particular Israeli tribe. Also, each stone has its own name, which characterizes its properties. The name of each stone is written in Hebrew and keeps positive energy.

1. **Reuben** strengthens life power and energy,
2. **Judah** is able to protect against the negative energy and helps to reach luck,
3. **Dan** gives joy and strength and attracts wealth,
4. **Asher** calms down and helps to concentrate,
5. **Simeon** struggles fears and gives harmony and
6. **Issachar** gives health and soul strength.
7. **Naphtali**, which is able to heal the sick and get self-confidence,

8 **Joseph** strengthens memory,

9. **Levi** is able to struggle the stress and heals various disease,
10. **Zebulun** protects against the evil eye and negative energy,
11. **Gad** keeps harmony and
12. **Benjamin** helps to get physical strength.

-o0o-